# DIE SKIETLOOD

237e Uitgawe 18 April 2025
saam met Koersvas 237

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

## HEIDELBERGSE KATEGISMUS

**Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van die mens dan vandaan?**

**Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys. Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word .**

**Kommentaar: D**eel twee

Sekere terme is hier van belang. Sommige benaderings praat van die oersonde. Ander praat van die eerste sonde. Die term kan dalk later bespreek word, maar vir eers moet ons vra na die effek van die eerste sonde. Die eerste sonde het die vloed-deure van ellende oopgemaak. Die vloed kan nie gekeer word nie en die hele domein van menswees word oorspoel deur die gevolge van die eerste sonde. Voor die eerste sonde was die mens in harmonie met God en die skepping. Die eerste sonde is soos daardie eerste klein vlek-kolletjie op 'n spierwit kleed. Dit bederf die hele ding. Die vlek versprei en die vlek nuwe werklikheid oop. Hoe lyk die nuwe werklikheid na die eerste sonde?

1. Soos per waarskuwing, word die mens nou blootgestel aan die dood. Die kolletjie is met ander woorde so erg dat een oortreding die hele kleed vlek met die rooi en swart van die dood. Dit impliseer daarmee saam dat die verhouding met God totaal verander. Die mens kan nie meer die beelddraer wees soos oorspronklik bedoel nie. Daar is reeds oor hierdie aspek geskryf. Ons afleiding moet wees: Wat beelddraer van God beteken, is nou totaal onduidelik – daar sou gestel kon word dat die beeld van God in die mens (met al die problematiek met hierdie term) vernietig is.

2. Die vlek van die sonde vloei ook oor na die nageslag; die nageslag is eers gebore na die oortreding, na die vloed-sluise onherroeplik oopgemaak is. Dit beteken dat ook die nageslag aan dood en ewige dood blootgestel word. Die mensdom se hele aard word blootgestel aan die gesindheid wat God uitdaag. Ons bestaan is stroom-af van daardie eerste gebeurtenis en daarom leef ons met die gevolge daarvan.

3. Die eerste sonde lei tot alle sonde wat vandag gepleeg word. Die eerste sonde is die oersonde. Die mens het teen God gerebelleer. So is die oorsaak van die oersonde, ook die oorsaak van alle sonde. Wanneer die vloed-sluise oopgemaak is, kan dit nie anders nie as dat die oorsaak en gevolge in tyd stroomaf presies dieselfde veroorsaak. Dit beteken eintlik dat die eerste sonde, oersonde en sonde in die algemeen 'n ineengeweefde ellende is.

4. Al die ellende wat daar in die menslike bestaan ervaar word, is gekoppel aan hierdie eerste sonde. Die eerste sonde was die oorsaak van al die sonde wat daarna gevolg het en steeds volg; daaruit vloei ook die straf en strawwe (ellende) wat aan daardie eerste sonde gekoppel was.

Die vraag kan nou wees na die regverdigheid van elke volgende geslag

straf. Hierdie vraag is gebore uit ‘n verkeerde verstaan van die eerste sonde en daaraan gekoppel die oersonde.
Die vraag wat telkens na vore kom, is “waarom het God die sonde toegelaat?” Diegene wat moedswillig is, vul die vraag aan met verwysings na God se almag, alwetendheid, alomteenwoordigheid en ander goddelike attribute. Die vraag word dan: “Is die mens gemaak om te sondig?” “Kon God nie dit so binne Sy wil laat val het dat die mens nie in die sonde verval nie, is die mens se wil sterker as God se wil?” Al hierdie vrae werk vanuit die premisse dat God die mens toegelaat het om te sondig eerder as om dit so te beskik dat dit ‘n wilsbesluit was om die mens sondeloos te behou. Hierdie is eintlik ‘n valse teenstelling wat met vermenging van kategorieë werk om die vraag te kan stel. Tog is daar diegene wat die vraag as legitiem beskou.
Ursinus is van mening dat daar twee redes is vir God se besluit om nie die mens die genade te skenk om die duiwel se versoeking te weerstaan nie. Die eerste rede is dat dit die broosheid van die skepsel duidelik maak. Hierdie broosheid kan nie voortbestaan sonder die konstante sorg van die Skepper nie. Met ander woorde die broosheid en swakheid van die skepping word deur die sondeval illustreer. Die tweede rede is dat God die sondeval gebruik as instrument om Sy goedheid, medelye en genade te bewys deur almal te red wat in Christus glo. Daarmee saam word Sy geregtigheid en mag duidelik uit die straf wat neerkom op die boosheid en ongehoorsaamheid van die sonde. Sy ontferming word duidelik uit die mens se vervalle bestaan; Romeine 11:32 “*God het almal aan die ongehoorsaamheid oorgegee, sodat Hy Hom oor almal kan ontferm*.”
‘n Volgende benadering is om die mens se vryheid van keuse op te haal. Met hierdie benadering word die ware vryheid van menslike keuse onderstreep. Dit is nie dat die mens se wil teen God se wil afgespeel word nie, dit is net dat diens aan God sonder keuse en vrye wil nie veel meer as meganiese optrede is nie. Die opregtheid van ware aanbidding kry substansie in die keuse tot die teendeel. Daar is ander redes wat gegee word, die eintlike antwoord sal eers aan die einde van tyd duidelik word. Die werklikheid is dat die mens kon rebelleer, die mens het gerebelleer en God het in liefde die mens nie in die ellende van die sonde gelaat nie. Dit bring ons by die punt om meer algemeen oor die sonde na te dink. Hoe weet ons dat daar sonde is en dat dit in elkeen van ons is? Ursinus se belangrikste argument, is om na God te verwys. God verklaar dat ons sondaars is. God ken elkeen se hart en sien alles wat ons doen. God is die betroubare getuie wat hierdie denke en dade sonde noem.
Die Wet getuig ook van sonde. In die Wet word die mens en die wêreld tot verantwoording geroep. Die aanwesigheid van die sake wat in die Wet genoem en verbied word, dien as bewys dat die Wet diens as getuienis van die bestaan van sonde.
Romeine 3:19-20 “*Dit weet ons: alles wat Moses se wet sê, sê hy vir dié wat die wet het. Niemand sal hom dus kan verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig voor God. Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie;*

*inteendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is*."

Ons kan dan in ons eie bestaan die sonde raaksien. Ons eie gewete en gewetens kla ons aan. In ons eie diepste denke vind ons erkenning van die bestaan van sonde.

Romeine 2:13-14 "*Nie dié wat die wet hoor, word deur God vrygespreek nie, maar dié wat doen wat die wet sê, sal vrygespreek word. Wanneer heidene, wat nie die wet het nie, tog vanself dinge doen wat die wet vereis, is hulle vir hulleself 'n wet al het hulle nie die wet nie*."

Siekte, ellende en veral die dood is bewys genoeg dat daar sonde in die wêreld is. Enige dorp of stad waar jy kom, het een of meer begraafplase, enige hospitaal ... Romeine 5:12 "*Verder nog dít: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het*." Romeine 6:23 "*Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here*."

Die ellende van hierdie wêreld is self-toegediende lyding. God is goed; Hy is die bron van goedheid. Hy sal nie toelaat dat die mens onverdiend deur ellende oorval word nie. Deuteronomium 27:26 "*Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie hierdie wet onderhou en nie daarvolgens lewe nie*!"

Is daar enige nut in die kennis dat daar sonde in die wêreld is? Ons het in hierdie kennis van die bestaan van sonde rede tot ootmoed, berou en selfondersoek. Dit help ons ook in ons stryd teen dwaling en korrupsie. Enige groep (selfs binne die Christelike geloof) wat die bestaan van sonde ontken, word as leuenaars ontbloot. 1 Johannes 1:8 "*As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie.*" Die dood is bewys van die bestaan van sonde.

Die komplekse aard van sonde sal ook in die volgende uitgawe van Die Skietlood onder die loep geneem word.